Verwysing: 20190205-1289
Lêernommer: 3/3/2/3
Navrae: Inbelsentrum

Werwing en Keuringsminuut: 0002/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure en Direkteure

Onderwerp: Bekendstelling van bevoegdheidsgebaseerde assesserings as deel van die werwings- en keuringsproses van kantoorgebaseerde opvoeders

1. In ooreenstemming met die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se visie om gehalte-onderwys te voorsien, gaan die WKOD voort om geleenthede te hersien om sy prosesse te versterk en te verbeter.

2. Na aanleiding van die suksesvolle implementering van die bevoegdheidsgebaseerde assesserings (BGA's) as deel van die werwings- en keuringsproses van prinsipale, adjunkprinsipale en departementele hoofde by inrigtings, het die Departement van die Premier, Direktoraat: Organisatoriese Gedrag, in oorleg met die WKOD, die BGA-instrumente vir alle kantoorgebaseerde opvoederposte ontwikkel.

3. Ten einde die werwings-, keurings- en aanstellingsproses te versterk, word onderhoudskomitee aangemoedig om hierdie instrument vanaf 01 Januarie 2019 te gebruik.

4. Geen addisionele koste sal aangegaan word nie.

5. Besprekings kan deur die Direktoraat: Werwing en Keuring gemaak word.

6. Bring asseblief hierdie inligting onder die aandag van alle voorsitters en paneellede van onderhoudskomitee, wat verantwoordelik is vir die werwing, keuring en aanstelling van kantoorgebaseerde opvoeders.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2019-02-15